SUID-AFRIKAANSE POLISIE

Rig korrespondensie aan DIE KOMMISSARIS

Privaatsak / Private Bag } X 94 Telegramadres / Telegraphic Address } KOMPOL

SOUTH AFRICAN POLICE

Address correspondence to THE COMMISSIONER

HOOFKANTOOR
HEAD OFFICE
PRETORIA

1978 -3- 20

SOUTH AFRICAN POLICE 1978 -03- 14

Verwysing / Reference	S. 7/18/10/1 (Alg)
Navrae / Enquiries	Kolonel J A du Preez
Telefoon / Telephone	29281 x 232

20/3/78

A. Die Afdelingsbevelvoerder
Veiligheidstak
ALLE AFDELINGS : R S A, S W A,
OSHAKATI, RUNDU, KATIMA MULILO.

B. Alle Afdelingskommissarisse.

C. Die Kommissaris van die
Suid-Afrikaanse Polisie
Privaatsak X94
PRETORIA.

BEHANDELING VAN AANGEHOUDENES INGEVOLGE VEILIGHEIDS=WETGEWING

1. Die skade en absolute verleentheid wat die Biko-geval nie net vir die Mag nie maar veral vir die Regering en die land op internasionale gebied berokken het, is gemeensaak, en hoef nie verder beklemtoon te word nie. Daarom is dit nodig om die posisie met betrekking tot aanhoudings en optrede in verband met aangehoudenes weer onder die aandag te bring.

2. Die Veiligheidstak se vernaamste funksie, nl die handhawing van wet en orde en die versekering van binnelandse veiligheid is op sigself omvattend en veeleisend. Die Regering het dit goedgedink om oor die jare hulpmiddels, onder andere die reg van aanhouding vir ondervraging, aan die polisie toe te vertrou, wat tot 'n groot mate bygedra het tot die suksesse wat behaal is.

3. Die aanhoudingsbevoegdhede is uit die aard van die saak 'n gerieflike slaanding in die hande van die vyande van die bestaande orde. Sterftes in aanhouding en bewerings van marteling en aanranding verleen

2/ .....

bepaald groter slaankrag aan hulle propaganda. Daarom is dit te verstane dat in hierdie opsig buitengewone (nie slegs dié van 'n normale redelike mens nie), goeie trou, insig, redelikheid, bedagsaamheid, en oordeel, aan die Staat en sy mense verskuldig is.

4. Om die bewerings van brutaliteit, asmede die sterftes in aanhouding, insluitende selfmoord, te probeer beperk, moet die volgende opdragte en riglyne wat hier onder aangestip word, voortaan onverwyld en nougeset nagekom word.

(a) Klagtes en tekens van ongesteldheid van 'n aangehoudene

(i) Die dienste van 'n bevoegde geneesheer moet onverwyld bekom word.

(ii) Uitvoering moet aan die opdragte van die geneesheer gegee word, maar indien die aangehoudene vir behandeling na 'n hospitaal anders as 'n gevangenishospitaal verwyder moet word en die mening word gehuldig dat so 'n verwydering 'n veiligheidsrisiko inhou, moet Hoofkantoor eers geraadpleeg word.

(iii) Die feit van enige ongesteldheid moet sonder versuim per druktelegram aan Hoofkantoor gerapporteer word, sodat die Minister ingelig kan word indien nodig.

(iv) Geen siek aangehoudene moet sonder Hoofkantoor se goedkeuring van een stad of dorp na 'n ander stad of dorp verwyder word nie.

(v) Siek aangehoudenes moet met betrekking tot slaap- en eetgeriewe spesiale aandag geniet en moet meer gereeld as onder normale omstandighede besoek word.

(vi) Behalwe in buitengewone gevalle, byvoorbeeld waar openbaarmaking van die feit van die aanhouding van 'n terroris die ondersoek sal skaad, moet die naaste bloed- of aanverwant van die siektetoestand wat enigsins as ernstig beskou word in kennis gestel word. Besoeke aan die siek aangehoudene moet egter nie sonder Hoofkantoor se toestemming toegelaat word nie.

(b) Selfmoorde

(i) Neiging tot selfmoord kom meer en meer onder aangehoudenes voor; 'n gebeurlikheid wat beswaarlik voorkom kan word. Om dié verskynsel suksesvol te bekamp

sal alle voorwerpe waarmee 'n aangehoudene homself mee kan ophang of verwurg, verwyder moet word. Sodanige voorwerpe sluit natuurlik kledingstukke, beddegoed en dies meer in, maar die verwydering van dié artikels is nie alleen ongewens nie, maar ook die oorsaak van buitengewone kritiek en kan nie sonder meer aanbeveel word nie. Voortdurende aandag aan aangehoudenes blyk die enigste uitweg te wees.

(ii) Die gebruik van hand- en voetboeie kan slegs in uiterste gevalle toegelaat word, want selfs boeie kan vir selfmoorddoeleindes gebruik word.

(iii) Tydens elke opsluiting moet 'n lid van die Veiligheidstak persoonlik verseker dat geen voorwerp wat maklik vir selfmoord of ontsnapping gebruik kan word met die aangehoudene sy sel ingeneem word nie. Hier word gedink aan messe, skerp voorwerpe, dasse, lyfbande, hemde met lang moue, skoenveters, langkouse, gifstowwe, vuurwapens, ens. Die beampte moet onverwyld 'n aantekening in 'n register wat vir hierdie doel gehou moet word, maak en onderteken.

(iv) Aangehoudenes wat enige selfmoord-neigings openbaar of buitengewoon neerslagtig of morbied raak, moet spesiale aandag ontvang.

(v) Stasiebevelvoerders moet versoek word om aangehoudenes meer dikwels as ander gevangenes te laat besoek.

(vi) Aangehoudenes moet gereeld van ten minste twee weerbare beamptes vergesel wees wanneer hulle van een plek na 'n ander geneem word.

(vii) Ondervraging in geboue moet, in gevalle waar dit nie op die grondvloer gedoen word nie, slegs in versterkte kantore plaasvind.

(viii) Alles moontlik moet gedoen word om te verhoed dat aangehoudenes uit geboue spring.

(xi) Onnatuurlike sterftes onder aangehoudenes moet deur 'n onpartydige vertakking van die Mag ondersoek word.

(c) <u>Aanrandings en Mishandeling</u>

(i) Dit is onnodig om te sê dat aanranding op en mishandeling van aangehoudenes onwettig en strafbaar is. Gereeld en op onrusbarende skaal word sulke bewerings, veral tydens strafgedinge gemaak, wat uit die aard van die saak moeilik weerlegbaar is.